Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12


## GEOGRAFIE V1

## NOVEMBER 2018

## BYLAE


**Hierdie bylae bestaan uit 13 bladsye.**

## FIGUUR 1.1: ANTISIKLONE




[Bron: http://www.aelsnet.net/eportal/pluginfile.php/412/mod_imscp/content/2/influence of_pressure_systems.htm]

## FIGUUR 1.2: STROOMROOF




[Aangepas uit https://www.bing.com/images/search=landforms+of+stream+capture]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM




**FIGUUR 1.3: MIDDELBREEDTESIKLONE**





[Bron: Suid-Afrikaanse weerdiens]

**FIGUUR 1.4: VALLEIKLIMATE**





[Aangepas uit http://apollo.lsc.vsc.edu/classes/met130/notes/chapter3/drainage3.html]

**FIGUUR 1.5: DREINEERDIGTHEID**




[Aangepas uit Google Images]

**FIGUUR 1.6: VERANDERENDE DWARSPROFIEL VAN 'N VALLEI IN DIE LOOP VAN 'N RIVIER**




[Aangepas uit http://www.geography.learnontheinternet.co.uk/topics/longprofile.html]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM




**FIGUUR 2.1: TROPIESE SIKLOON-DWARSDEURSNEE**





[Bron: https://i.stack.imgur.com/86n58.png]

**FIGUUR 2.3: LYNDONDERSTORMS OOR SUID-AFRIKA**





[Aangepas uit https://www.bing.com/images/search?=line+thunderstorms+in+south+africa&simid]

## FIGUUR 2.4: BESOEDELINGSKOEPEL




[Bron: http://www.metlink.org/secondary/key-stage-]

## FIGUUR 2.5: RIVIERVERJONGING




[Bron: https://alevelrivers.weebly.com/rejuvination.html]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**FIGUUR 2.6: ONTBOSSING EN DIE UITWERKING DAARVAN OP RIVIERBESTUUR**

**VIR DIE EERSTE KEER, VIR DIE TWEEDE KEER, VIR DIE LAASTE KEER!**


Die huidige tempo van ontbossing wêreldwyd wek groot kommer. Daar word tans jaarliks 12 miljoen hektaar woude ontbos – 'n gebied wat 1,3 keer so groot soos KwaZulu-Natal is! Feitlik al die ontbossing kom in die vogtige reënwoude en oop boslandskappe van die trope voor. Alle vogtige tropiese woude kan teen hierdie tempo teen die jaar 2050 uitgewis wees, behalwe vir geïsoleerde gebiede in Amazonia, die Zaïrebekken, en 'n paar beskermde gebiede in reservate en parke. Party lande, soos die Ivoorkus, Nigerië, Costa Rica en Sri Lanka, kan teen 2030 waarskynlik al hulle tropiese woude verloor indien geen bewaringsmaatreëls ingestel word nie.

**HET JY GEWEET?**

- Die Wêreldhulpbroninstituut beskou ontbossing as een van die wêreld se knellendste grondgebruikskwessies.
- 'n Woudgebied so groot soos 20 sokker- of rugbyvelde gaan elke minuut verlore.
- Suid-Afrika se klimaat is van so 'n aard dat minder as 0,5% van die land se oppervlakte met inheemse woude bedek is – groot sorg sal geneem moet word om die paar woude wat ons het, te bewaar

[Aangepas uit https://www.environment.co.za/environmental-issues/deforestation.html]


**FIGUUR 3.2: SEKTORSAMESTELLING VAN SUID-AFRIKA SE EKONOMIE, 2017**





[Eksaminator se staafgrafiek, Statistiek van STATS SA, 2017]

Kopiereg voorbehou 

## FIGUUR 3.3: VLAK EN TEMPO VAN VERSTEDELIKING IN SUID-AFRIKA




[Bron: https://www.statista/com/statistics/455931/urbanization-in-south-africa/ en https://tradingeconomics.com/south-africa/urban-population-growth-annual-percent-wb-data.html]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**FIGUUR 3.4: LANDELIK-STEDELIKE OORGANGSONE**




[Aangepas uit https://newellta.weebly.com/urban-models.html]

**FIGUUR 3.5: BEESVLEISBOERDERY**

ÉcoleBooks

**2020 EN DAARNA: 'N VISIE VIR DIE SUID-AFRIKAANSE BEESVLEISBEDRYF**

Deur Lloyd Phillips, 7 Desember 2017

Suid-Afrika het in 2016 vir die eerste keer 'n netto uitvoerder van rooivleis, wat hoofsaaklik aan die goedkoop beesvleismark lewer, geword.


Wêreldrooivleisuitvoere het in 2016 9,44 miljoen ton beloop. Brasilië het die leiding geneem met uitvoere van 1,85 miljoen ton of 19,6% van die totaal. Suid-Afrika was 15$^{de}$ op die ranglys met 60 000 ton of 0,64% van die wêreldtotaal.

Die onlangse droogte het gewys hoe belangrik dit vir die land se beesvleisbedryf is om nie net op die uitvoer van goedkoop beesvleis te fokus nie. Deur hoër gehalte beesvleis uit te voer, kan ons bedryf homself teen die skok van verlaagde winste beskerm.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat met die huidige hoë beesvleisprys in Suid-Afrika, die land nie in staat sal wees om met lande soos Brasilië en ander topbeesvleisuitvoerlande mee te ding nie.

[Aangepas uit https://www.farmersweekly.co.za/agri-business/agribusinesses/2020-beyond-vision-sa-beef-industry/]

**FIGUUR 3.6: OOS-LONDEN NOS ('ELIDZ')**




Die Oos-Londen-nywerheidsontwikkeling-sone ('ELIDZ') het volgens 'n verslag wat in 2016 deur Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) vrygestel is, 'n geweldige uitwerking op die Oos-Kaap gehad.


Die verslag het onthul dat daar 3 435 direkte vervaardigings- en dienswerksgeleenthede in hierdie sone is.

Een van die belangrikste hoogtepunte in Stats SA se verslag is die omvang van die uitvoergeoriënteerde vervaardiging in hierdie NOS. Stats SA se verslag het onthul dat 36% van die goedere wat in die Oos-Londen-nywerheidsontwikkeling-sone ('ELIDZ') in die studietydperk vervaardig is, vir die uitvoermark bestem was.

[Bron: http://www.engineeringnews.co.za/article/elidz-enterprises-impact-local-economy-2017-02-10]

ÉcoleBooks

**FIGUUR 4.1: STRAATPATRONE**




[Aangepas uit Google Earth]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**FIGUUR 4.2: GOUDONTGINNINGSTATISTIEK VIR 2017**




[Aangepas uit http://www.kitco.com/ind/Media/images/South_Africa.jpeg en http://www.statssa.gov.za/wp-content/uploads/2018/02/Infographic_v04-1]

**FIGUUR 4.3: SWAK OPENBARE VERVOER AS 'N VOORBEELD VAN STEDELIKE ONGEREGTIGHEID**

**WAT SAL DIT NEEM OM SUID-AFRIKA SE OPENBARE TAXIBEDRYF TE ONTWRIG?**

Deur Lebogang Tsele, 24 Mei 2017

Die Suid-Afrikaanse openbare taxibedryf bedien daagliks 15 miljoen pendelaars. Die multimiljardrand-minibus-taxibedryf is steeds tot 'n groot mate ongereguleerd en staan voor uitdagings, soos ongelisensieerde voertuie, geweld en die veiligheid van pendelaars.


Die regering het drastiese maatreëls ingestel om 'n aantal moorde waarby twee minibus-taxiverenigings in Ladysmith betrokke was, te bedwing. Die LUK vir Vervoer, Gemeenskapsveiligheid en Skakeling, Mxolisi Kaunda, het aangekondig dat hy beide die Sizwe-vervoer en die Klipriver-taxivereniging gaan sluit. Hy het hulle as konflikgedrewe beskryf en gesê dat die departement buitengewone stappe moes doen om kalmte, vrede en stabiliteit te herstel.

Daar is baie nuwe besighede, soos Uber en Taxify, en dit veroorsaak 'n ongemaklike situasie in die bedryf. Dit sal egter vir 'n broodnodige verandering in die bedryf sorg.

[Aangepas uit https://www.smesouthafrica.co.za/17264/Tech-To-Disrupt-Taxi-Industry/ en Kaveel Singh in *eNCA*]

**FIGUUR 4.4: WATER AS 'N MAATSKAPLIKE ONGEREGTIGHEID IN LANDELIKE GEBIEDE**

**WATERWIEL DEUR WELLO VERANDER LEWENS IN LANDELIKE GEBIEDE**




[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=DnIZOsH7ezU]

**FIGUUR 4.5: PWV/GAUTENG-NYWERHEIDSTREEK**

**GAUTENG GAAN SUID-AFRIKA SE EKONOMIE TOT 2017 OORHEERS**

Deur Leandi Kolver

Gauteng het voortgegaan om ten minste tot 2017 die Suid-Afrikaanse ekonomie te oorheers deur amper 35% tot die bruto binnelandse produk by te dra. Gauteng se provinsiale ekonomie was 75% en het tersiêre nywerhede, handel, vervoer, finansies en gemeenskapsdienste ingesluit. Die provinsie is ook beskou as die natuurlike bestemming vir internasionale beleggers wat 'n afspringplek na Afrika wou vestig.

Die PWV/Gauteng-nywerheidstreek se gediversifiseerde vervaardigingsektor het meer as 50% van Suid-Afrika se vervaardigde uitvoere geproduseer. Die PWV/Gauteng-nywerheidstreek het ook 'n aantal koperverwerkingsnywerhede, wat deur grondstof uit die Phalaborwa ROI ondersteun word. Die gediversifiseerde vervaardigingsektor, koper ingesluit, sal die volgende drie jaar voor baie uitdagings te staan kom, soos energievoorsiening, arbeid, onderinvestering in kapitaaltoerusting en -tegnologie.


[Aangepas uit http://www.engineeringnews.co.za/article/gauteng-to-remain-dominant-sa-economy-until-2017-2014-05-14/rep_id:4136]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**FIGUUR 4.6: DIE ROL VAN INTERNASIONALE HANDEL IN EKONOMIESE ONTWIKKELING**




[Bron: www.google/Business Day, 26 Januarie 2017]

ÉcoleBooks

Kopiereg voorbehou